Leipie Nuus

26 NOVEMBER – 12 DESEMBER 2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Nommer 34/2018

Program vir die week

Ma 26 November – Vry 30 November

Ma 26ste – *Uitstappie:* Gr 4-7 meriete uitstappie

Wo 28ste – *Konsert:* Slagorkes in saal. Parkering op die rugbyveld

Do 29ste – *Uitstappie:* Gr 3 uitstappie – Voortrekkermomument

Ma 3 Desember – Vry 7 Desember

Ma 3de - *Toer:* Gr 4 Suid-Kaaptoer tot Vrydag 7 Desember
Gr R: Video opname in die saal

Di 4de - *Gr R:* Gradeplegtigheid en konsert. Parkering op die rugbyveld
Uitstappie: Grondslagfase meriete uitstappie

Wo 5de - *Gr R:* Gradeplegtigheid en konsert. Parkering op die rugbyveld

Ma 10 Desember – Wo 12 Desember

Wo 12de – *Akademie:* **Skool sluit om 9:00.** Rapporte word uitgedeel
Skool heropen 9 Januarie 2019 om 7:30

UIT DIE KANTOOR:
Aangesien dit ons laaste nuusbrief vir 2018 is, wens ons hiermee al ons leerders, ouers en personeel 'n baie geseënde rustyd, Kersfees en nuwe jaar toe. Reis veilig en kom uitgerus terug vir 'n vol en besige 2019.

Skool kom om **12:00 uit vir alle leerders tot die einde van die kwartaal.** Ouers moet asb seker maak leerders weet waarheen om te gaan 12:00 en wie hulle kom afhaal. Ons kinders se veiligheid is vir ons baie belangrik. Hekke sluit om 12:15. Slegs die hek in Pretoriuslaan by die waghuisie word gebruik. Gr 1-3 leerders word dan by die wagklasse afgehaal en Gr 4-7 ouers moet by die kantoor aanmeld waar leerders dan geroep sal word.
Leerders kan nie saam met ander ouers huistoe gaan om te gaan kuier as die ouers nie daarvan weet nie. Wagklas tot 13:40. **Alle leerders moet in die wagklas vir ouers wag as hulle nie 12:00 afgehaal word nie. Geen leerder mag op die terrein of by hekke vir ouers wag nie.** Naskole kom haal leerders 12:00. Indien die naskool hulle nie om 12:00 kry nie, moet hulle wagklas toe gaan en dan daar afgehaal word.

OMGEE BROODJIEPROJEK:
Ons benodig nog mammas om ons te help met die omgee broodjieprojek vir pouses. Indien u kan help een keer per week/per maand kontak asb Me A Geldenhuys by die skool 012-664 5798 Baie dankie vir al die mammas wat reeds daarmee help.

SMOUSE:
Indien daar smouse rondom die skool beweeg in die middae, moet u dit asb aanmeld by die kantoor sodat ons kan optree.
Ons vra ook dat u hulle nie sal ondersteun nie.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Atletiek: Mattias Kielblock- Klub Atletiek – Noord Gauteng kleure 80m naellope. Gekies om deel te neem aan Interprovinsiale atletiekbyeenkoms.

BELANGRIKE DATUMS:
23 November: Gr 6&7 sokkie
26 November: Gr 4-7 meriete uitstappie
28 November: Slagorkes optrede - saal
29 Nobember: Gr 3 uitstappie - Voortrekkermonument
3-7 Desember: Gr 4 Suid-Kaaptoer
3 Desember: Gr R video opname
4 Desember: Grondslagfase meriete uitstappie
Gr R gradeplegtigheid en konsert
5 Desember: Gr R gradeplegtigheid en konsert
12 Desember: Skool sluit vir leerders om **9:00.**
Rapporte word uitgedeel.
Heropen **9 Januarie 2019**

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres:
finansies@louisleipoldt.co.za
debiteure@louisleipoldt.co.za

OUERS OP DIE SKOOLTERREIN:
Ons doen 'n beroep op u om by die wag in te teken indien u die skool besoek gedurende skoolure, en dan by die kantoor aan te meld. U kan nie net op die skoolterrien rondbeweeg gedurende skoolure nie, aangesien dit probleme skep met die sekuriteit van ons kinders. **Ouers moet asb nie self leerders op die skoolterrein soek nie. Meld asb by die kantoor aan waar leerders geroep sal word.** Ouers moet asb ook leerders by die kantoor uitteken. Indien leerders laat is, moet ouers hul na die kantoor vergesel waar u hul moet inteken en leerders sal dan 'n briefie ontvang wat by registeronderwyser/es ingehandig moet word. Terwille van veiligheid mag leerders geen items deur die heining van enige persone neem nie.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

70 ste bestaansjaarvieringe – gedenkmure - mosaiek van skoolwapen en 70 jaar logo is geskenk. Die musiekblyspel: *Ryk in herinnering, ryk in onthou* is op die planke gebring, 'n reünie is gehou, ouers en leerders neem deel aan verf van feesmuur. Voorwaar 'n jaar om te onthou.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Ons is oop tot 20 Desember 2018 asook die volgende Saterdae: 1, 8 en 15 Desember.

Tye vir Januarie 2019:
Donderdag - 3/1 = 13:30 - 17:30
Vrydag - 4/1 = 9:00 - 13:00
Saterdag - 5/1 = 9:00 - 13:00
Maandag - 7/1 = 9:00 - 17:30
Dinsdag - 8/1 = 9:00 - 17:30

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses.

CENTURION BEJAARDESORG UITREIK:
Stuur asb vir ons leë glasbottels met skroefproppe soos bv grondboontjiebotter-, blatjang-, mayonnaisebottels. Stuur asb na Me Jansen.

PARKERING VOOR HEKKE:
Daar is steeds ouers wat voor die toegangshekke parkeer. Ons doen 'n dringende versoek om nie voor die toegangshekke te parkeer indien u leerders op-/aflaai nie. Personeel kan nie by hekke in of uit beweeg nie, en ander verkeer word ook ontwrig. Gebruik asb slegs die gemerkte parkerings.

ATKV REDENAARSTEMAS 2019:
Gr 1-3: maniere, droom, jok.
Gr 4-5: spaar, kuns, frons.
Gr 6-7: vrees, dink, dans.
Maak asb seker dat u betyds begin met die skryf van toesprake. Riglyne vir die skryf van 'n toespraak is verkrygbaar by Me Snyman.

SLAMPAMPER DRAMA 2019:
Dit is nou tyd om te registreer vir Slampamper drama. Inskrywings sluit op Woensdag 28 November 2018. Drama oefening in 2019 moet gereeld bygewoon word. Indien 'n leerder meer as drie keer met, of sonder verskoning afwesig is, sal hy/sy lidmaatskap verbeur. Leerders moet self verskoning maak as 'n oefening nie bygewoon kan word nie.

MUSIEKBLYSPEL DVD'S:
Daar is nog baie DVD bestellings wat nie afgehaal is nie. Kan daagliks van 12:00-12:15 by Me v Rensburg se klas afgehaal word.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

KOPLUISE:
Die epidemie is hoogs aansteeklik en versprei baie maklik na ander kinders se koppe. Ons vra die ouers se samewerking om seker te maak dat u kind/ers se koppe skoon is van enige nete en kopluise. Een leerder in die klas kan die ander aansteek. Ouers wat moeite doen en onkostes aangaan raak ongelukkig wanneer hul kinders weer by klasmaats aansteek.
Dit is departementele beleid dat leerders met kopluise of nete nie die skool mag bywoon alvorens die kop nie heeltemal skoon is nie

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF